SA BOERPERD TELERGENOOTSKAP

September 2014, NUUSBRIEF No. 2

# NUUSBRIEF

*Geagte Boerperd Vriende*

*Afgesien van die skou-reëlings, is daar 'n paar dringende administratiewe sake van SA Stamboek wat aandag moet geniet en daarom behandel ons dit eerste in die Nuusbrief. Dit is dan verder ook baie belangrik dat u as lede bewus sal wees van die uitbreek van Slapsiekte in ons ras en dat ons die prosedures sal volg om verantwoordelik te wees daar rondom voor ons die nuwe teelseisoen ingaan.*

*Die SAEF (South African Equestrian Federation) verander ook weereens van struktuur – die keer word dit darem eenvoudiger. Ons is nou in 'n oorgangsperiode en alles behoort van Januarie 2015 af in plek te wees. Neem asb. kennis hiervan.*

*Die grootste gedeelte van hierdie nuusbrief word gewy aan belangrike inligting rakende ons komende SA Boerperd Nasionale Kampioenskappe. Ek kan nie genoeg beklemtoon hoe belangrik dit is dat u daarvan sal kennis neem nie. Vergewis uself opnuut vooraf van skou-reëls en praktyke, kleredrag asook gedrag tydens die skou om ongelukkigheid tydens die skou uit te skakel. Kom ons werk almal saam om weereens van ons skou 'n feestelike geleentheid te maak sodat almal in goeie sportmansgees ook mekaar se perde kan waardeer en geniet. Daar is baie positiewe veranderings in die Afri-Dome aangebring en ons is baie opgewonde oor die nuwe ry-oppervlak wat nou sagter is, sonder om te diep te wees.*

*Op hierdie laat stadium moes ons dan ook 'n nuwe Universele beoordelaar vir die ryklasse aanstel, aangesien Christopher Hammond gediagnoseer is met kanker en in die hospitaal opgeneem is. HY word vervang deur Bev Williamson.*

*Ek sien uit daarna om almal weer in Parys te sien. Die stalbesprekings is reeds oop en daar word van oral oor stalle bespreek.*

*Lekker oefen!*



*Groete*
*Piet Grové*
PRESIDENT 2013/14

NUUSBRIEF SAAMGESTEL DEUR
Petro Grové (petrogrove@mweb.co.za)

**IN HIERDIE NUUSBRIEF:**

## BELANGRIKE ALGEMENE INLIGTING

1. SA STAMBOEK/LOGIX
2. SLAPSIEKTE
3. SEMEN STROOTJIES
4. MERIETES & EREKLEURE
5. SAEF
6. FINANSIES

## SA BOERPERD NASIONALE KAMPIOENSKAPPE
## 22-27 SEPTEMBER 2014
## AFRI-DOME, PARYS

1. **WENKE UIT DIE PERD SE BEK...**
   - i) Algemene reëls wat dikwels nie nagekom word nie
   - ii) Eenvormigheid in kleredrag in skou-klasse
   - iii) In-hand klasse
   - iv) Toerusting
2. **VERSAMELRING**
3. **BEHEER VAN VERKEER BINNE & BUITE DIE DOME & ARENAS**
   - i) In die versamelring
   - ii) In die Dome
   - iii) Tussen die stalle
   - iv) In die pad vanaf die opwarmingsarena na die versamelring
4. **APPèL PROSEDURES**
5. **TERREIN REGULASIES**
   - i) Publieke aanspreeklikheid
   - ii) Werkloosheidsversekering
   - iii) Wet op Brandgevaar / DBV / Horse Care Unit / Dome regulasies
   - iv) Eienaar aanspreeklikheid.
6. **DRESSEER-KLASSE & BANE**
7. **SKOU-SPRING**
8. **JEUG-AKSIE**
9. **VERTONERS-ONTHAAL / STER-HINGS VEILING**
10. **TROFEE**

# BELANGRIKE ALGEMENE INLIGTING

## 1. SA STAMBOEK /LOGIX

**PENDING LYS OP LOGIX**

SA Stamboek vra dat alle lede asseblief hulle kuddelyste noukeurig sal nagaan vir perde wat nog as PENDING gelys is op Logix. Indien dit vroegtydig reggestel word, kan latere probleme t.o.v. keurings, DNS verifikasie, dekking-sertifikate, ens. vroegtyding uit die weg geruim word. Die algemene reël is in elke geval dat al die genoemde dokumentasie met die vul se aantekening reeds in plek gestel sal word. Daar is egter ook hingste waarvan DNS nog steeds nie geverifieer is nie. Maak dit asseblief ʼn saak van prioriteit om dit in orde te kry. SA Stamboek oorweeg dit reeds om boetes te hef teen eienaars van perde met ʼn PENDING status van langer as ʼn jaar.

**PERDE MET MEDE-EIENAARS**

By perde wat mede-eienaars het, verskyn die betrokke perde slegs op een eienaar se naam, asook op dieselfde eienaar se kuddelys. SA Stamboek is bewus van die probleem en werk aan die program om dit te korrigeer.

**DIE REGSTELLING VAN FOUTE OP DIE LOGIX STELSEL**

Lede wat enige foute m.b.t. verkeerde inligting van name, geslag, ens. op die Logix blad wil regstel, kan skriftelik (per e-pos) ʼn versoek aan die SA Boerperd Kantoor rig. Geen telefoniese opdragte sal aanvaar word nie. In gevalle waar telers self hul kontakbesonderhede op die Logix stelsel kan verander, sal die program dan outomaties ʼn e-pos aan ons kantoor stuur om Elize daarvan te verwittig – dit is nie nodig om daarvoor ʼn e-pos aan die kantoor te stuur nie.

**SA STOETTELER / SA STUD BREEDER**

Alle lede is geregtig daarop om in SA Stamboek se amptelike tydskrif, nl . SA STOETTELER /SA STUD BREEDER te adverteer. Rig gerus aan hulle ʼn e-pos om die kostes daaraan verbonde vas te stel.

## 2. SLAPSIEKTE

Dit is baie belangrik dat telers kennis dra van die feit dat slapsiekte onder die ras uitgebreek het. Daar word wetlik aanbeveel dat hingste wat hierdie siekte het onverwyld gekastreer moet word. Ander kenners in die genootskap is van mening dat perde wat die siekte onder lede het uitgesit moet word. Merries wat draers is, behoort ook geïsoleer of uitgesit te word. Die prognose van die siekte is in elke geval dat die diere sal agteruit gaan en vrek. Die siekte versprei baie vinnig, veral waar hingste in die veld tussen merries loop en dan spesifiek in Natal en


Mpumalanga waar dikwels vreemde perde vanuit 'n onbekende omgewing tussen 'n stoet beland. Zebras en donkies is dan ook draers van die siekte.

Maak daarom seker dat u hingste getoets is vir slapsiekte voor die dekseisoen begin – dit is 'n eenvoudige en goedkoop bloedtoets deur die veearts. Indien u met u hingste merries vir ander eienaars gaan dek, maak seker dat die betrokke merries getoets ook getoets is vir die siekte aangesien dit baie maklik en vinnig kan versprei soos u reeds hierbo gelees het.

**LET WEL:**

**ALLE HINGSTE WAT VIR DIE STER-HINGS KOMPETISIE INSKRYF MOET 'B BEWYS Hê DAT HULLE SKOON IS VAN SLAPSIEKTE**

## 3. SEMEN STROOITJIES



Eienaars wat om een of ander rede semen van 'n hings getrek het om te vries, moet die aantal strooitjies getrek by SA Stamboek laat aanteken. Dit is reël van SA Stamboek waaraan ons reëls m.b.t. teling en registrasies onderhewig is. SA Stamboek sal dan rekord hou van hoeveel merries gedek kan word deur 'n spesifieke hings se saad, asook van die eienaar van die strooitjies. Dit word dan so as 'n tipe 'n dekkingsertifikaat gebruik en DNS is nie 'n probleem nie. Indien die semen strooitjies nie aangeteken is nie, sal SA Stamboek sodanige vullens nie aanteken nie en hulle sal dan dus ook nie vir keuring voorgebring kan word nie.

## 4. MERIETES & EREKLEURE



Soos u weet, word daar jaarliks meriete en erekleure aan perde en ruiters onderskeidelik toegeken. Die toekenning daarvan word nie outomaties bereken en toegeken nie – u as teler of skou-lid moet daarvoor aansoek doen. In die verlede is alle aansoeke skriftelik ingedien in 'n boek wat by die kantoor bestel kan word. Dit is steeds geldig, maar in die moderne tyd waarin ons lewe kan 'n mens net sowel die tegnologie benut om dinge vinniger en makliker te doen. Stel gerus 'n *excel spread sheet* saam en stuur dit aan Me. Pope. Op hierdie manier het sy die inligting klaar elektronies en kan dit maklik plooi om by die verkillende kategorieë in te pas.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 22 Oktober 2014 by heleenpope@gmail.com.

Fiktiewe voorbeeld

| STOET- OF LID NAAM | | | TYDPERK BV. 30 SEPTEMBER 2013 TOT 22 OKTOBER 2014 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Perd** | **Ruiter** | **Tipe** | **Klas** | **Plasing** | **Punte** | **KAMPIOENSKAP** |
| MICHMAR DOLFYN | Piet Grové | Tuig | Universele Enkeltuig - Hingste | 1 | 5 | 2014 Mpumalanga Kampioenskappe |

## 5. SAEF (South African Equestrian Federation)

Na aanleiding van 'n besluit van SASCOC 4 jaar gelede, verander die struktuur van perdesport weereens vanaf 'n dissipline gedrewe na 'n mens gedrewe bestuur, waar die mense wat aan die sport deelneem, weer 'n sê het. Perdesport as erkende sportsoort het 30 dae kans gekry om die strukture in orde te kry aangesien hulle voorheen hulle eie strukture probeer maak het. Perdesport gaan voortaan deur die SAEF soos alle ander sportsoorte bestuur word. Om te kan deelneem, moet perd en ruiter:

i. Aansluit by 'n klub in hulle geografiese omgewing. Die klub is verantwoordelik vir die registrasies van ruiters en perde by die SAEF;
ii. Die klub vorm deel van 'n struktuur in 'n streek ('n STREEK is 'n gedeelte van 'n provinsie);
iii. Die streek het sy eie bestuur, maar vorm ook deel van die groter provinsie met 'n oorkoepelende bestuur;
iv. Die nasionale spanne kan slegs vanuit deelname tussen provinsies saamgestel word.
v. Die voorsitter van elke provinsie se oorkoepelende bestuur is 'n Raadslid by SAEF – daar is 9 Raadslede;
vi. SAEF rapporteer aan SASCOC.

Die voormalige "assosiasies" (bv. SASA, SASJ, EQSA, ens.) is nou weer saamgegroepeer in 'n tegniese komitee wat aan die SAEF rapporteer om die verskillende dissiplines se reëls en regulasies vas te lê. Met SASCOC se goedkeuring, kan ruiters dan internasionaal deelneem om Protea kleure te kry. Alles werk dus presies dieselfde as in al die ander sportsoorte en is nie gefragmenteer in afsonderlike dissiplines nie.

Om 'n klub te kan stig, moet die klub meer as een dissipline kan aanbied, bv. *Showing, Show Jumping en Dressage*. 'n Lid mag aan meer as een klub behoort mits dit in dieselfde streek is. Perd en ruiter word nou slegs by 'n klub geregistreer en nie meer by elke dissipline afsonderlik nie. Die klub registreer by die SAEF. Die ruiter sal kan kies in watter enkele provinsie hy/sy wil deelneem op grond van die ligging van die naaste klub wat aan sy/haar behoeftes voldoen.

Ons streekklubs kan as SAEF klubs registreer en hierdie streekstrukture benut om deel van die provinsiale perdesport bestuur te word. Die klubs sal ook die administratiewe funksie van registrasies van perde en ruiters by die SAEF aan lede kan bied teen 'n fooi. Die klubs moet egter self daaroor besluit. Deur deel te word van die SAEF klub-struktuur, kan ons dan insette lewer word oor dissiplines, sowel as om te waak oor ons ras. Dit is onafwendbaar dat SASCOC dan ook d.m.v. die provinsiale strukture ontwikkeling t.o.v. perdesport m.b.t. kleur, sowel as geslag sal wil teweeg bring (*score card*), soos dan ook in ander sportsoorte die geval is. Dit is daarom belangrik om AL ons ruiters, wit & swart, in die struktuur te laat opneem om sodoende die gesig van Suid-Afrika te reflekteer. Die beginpunt daarvan is reeds om ALMAL se korrekte name, vanne en ID nommers by skou-inskrywings te voeg, aangesien ons nuwe skouprogram reeds al die inligting sal stoor. Dit sluit ook ons staljongens wat as hanteerders optree in.

Tot die begin van 2015, is ons nou in ’n interim periode waar die voormalige assosiasies hulleself moet groepeer in tegniese komitees en klubs by streke soos deur wetgewing geografies bepaal, inskakel. Pro-rata fooie sal gehef word in oop skoue. Dit is dus nie nou nodig weer by ’n dissipline te registreer nie.

## 6. FINANSIES



Die genootskap se finansies lyk tans baie goed en kan homself as ’n besigheid dra. Daar is egter geensins geld om te mors nie. Baie dankie aan al die lede wat hou by die kontant-basis tot 30dae beginsel. Dit werk beslis vir ons en ons sal graag daarby wil hou. Indien u probleme ondervind daarmee, is u welkom om die kantoor te skakel en ’n reëling te tref om skuld af te betaal sonder dat u dienste opgeskort word.

Hou asseblief in gedagte dat u slegs kan skou as u rekening op datum is. Die toegewing is gemaak dat telers / skou-lede wie se rekeninge tot op 60 dae met die met die sluiting van die skou-inskrywings lê, nog aanvaar sal word. Indien die rekeninge skuif na 90dae, sal u nie kan skou alvorens die skuld betaal is nie. Alternatiewelik kan u dan net vroegtydig by die kantoor ’n reëling m.b.t. afbetaling tref.

**LET WEL:**
**GEEN LEDE MET ’n REKENING WAT MEER AS 60DAE UITSTAANDE IS SAL TOEGELAAT WORD OM TE SKOU NIE**

# SA BOERPERD NASIONALE KAMPIOENSKAPPE

# 22-27 September 2014

# Afri-Dome, Parys



## 1. WENKE UIT DIE PERD SE BEK……



Op 2 Augustus 2014 het ons SA Boerperdbeoordelaars bymekaar gekom en 'n *BOSBERAAD* gehou van wat hulle graag in die skou-arena sou wou verbeter en sien. Om almal te help, gee ons graag hierdie wenke aan julle deur – pas dit asseblief toe in die komende Nasionale Kampioenskappe! Kom ons benader elke klas en beoordelaar met 'n positiewe gesindheid en gun almal wat wen hul plekkie in die son.

***<u>GEE ASSEBLIEF AANDAG AAN DIE OPGEDATEERDE SKOUREëLS EN ETIKET OP DIE WEB-BLAD</u>*.**

**i) ALGEMENE REëLS WAT DIKWELS NIE NAGEKOM WORD NIE**

- Geen toeskouers, ouers, eienaars of afrigters mag van buite die baan met die ruiters/koetsiers/hanteerders kommunikeer nie. Indien die vertoners mag ontspan om te wag vir 'n uitslag, mag hulle ook nie oor die reling met bekendes gesels nie. Die perde mag wel rond stap. Vanaf die oomblik dat die perd en ruiter/koetsier/hanteerder die arena betree, is hulle onder beoordeling. Alle skou-reëls is van toepassing tot hulle die baan verlaat.
- Daar mag nie gedurende die skou met die beoordelaars gekommunikeer word nie. Indien daar wel gekommunikeer word, moet 'n baanmeester as getuie by wees. 'n Uur na afloop van die skou in totaliteit (dit wil sê eers Saterdag na die Kampioenskappe), mag ruiters/koetsiers/hanteerders vrae aan die beoordelaars vra.
- Meld betyds aan by versamelring beampte. Indien daar 'n probleem is, bespreek dit dan ook vroegtydig met haar sodat dinge glad kan verloop en ons onnodige konflik kan vermy. Moenie kanse vat nie.

**ii) EENVORMIGHEID IN KLEREDRAG IN SKOUKLASSE**

Lees asseblief weer die skou-reëls hieroor noukeurig deur. Die beoordelaars is van mening dat sommige ry-klasse soos 'n "smartieboks" lyk!

Universele ry-drag:

- Stywe baadjie in swart, bruin, donkerblou of fyn geruit met 'n skuifknoop das en ligte effe-kleur hemp.
- Beige, room of vaal-bruin rybroek (jodhpurs);
- Donker handskoene; Harde hoed; Swart of bruin stewels of leer kamaste.

Tradisionele ry-drag – LET WEL: Die twee tipes ry-drag mag nie gemeng word nie.

- Dieselfde as Universele ry-drag, met 'n vilt hoed, rand maksimum 8cm

OF

- Langer baadjie met 'n onderbaadjie in swart, bruin, donkerblou of fyn geruit. Die lengte word bepaal deur waar die ruiter se kneukels kom as hy/sy met hande langs die sy staan.
- Skuifknoop das met ligte effe-kleurige hemp.
- Kentucky-tipe rybroek in effe kleure bruin, grys of khaki.
- GEEN JODHPURS WORD SAAM MET 'n LANG BAADJIE TOEGLAAT NIE.
- Rystewels soos hierbo.

IN-HAND KLASSE

- Volle ry-drag OF
- Ligte kleur hemp met 'n boortjie & skuifknoop das; khaki kleur broek; gemaklike toe skoene;
- Opsioneel: Onderbaadjie; Handskoene.

**iii) IN-HAND KLASSE**

Die beoordelaars beveel die vogende aan:

- Dat 'n perd toegelaat word om vry te beweeg op 'n lang leisel – die perd moet homself kan dra en homself skou;
- Dat die vertoner langs die perd sal hardloop en nie vooruit nie.

Waarvoor kyk hulle?

- Dat die perd moet spoor
- Dat sy kop en agterkwart reguit beweeg
- Dat sy treë ritmies en eweredig is;

Ander dingetjies.....

- Wanneer die perd en hanteerder die baan inkom, is hulle onder beoordeling. Niemand mag van die kant af help nie. Die perd en hanteerder bly in die arena tot hulle toestemming gegee word om dit te verlaat.
- Niemand mag met toeskouers praat nie, ook nie wanneer hulle mag ontspan en wag vir 'n uitslag nie.

**iv) TOERUSTING**

Opgedateerde skou-reëls is op die webblad beskikbaar. Lees dit asseblief en maak seker dat daar nie onnodige ongelukkigheid by die hek is nie. Elke perd SAL nagegaan word vir die korrekte gebit en alles wat daarmee gepaard gaan.

## 2. VERSAMELRING

Die versamelring is DIE belangrikste bymekaarkomplek op die skou. GEEN PERD sal binne die arena toegelaat word as hy/sy met sy hanteerder/ruiter/koetsier nie eers by die versamelring-beampte aangemeld het nie.

- Nadat die perd/ruiter dan klaar aangemeld het, moet hulle dan ook by die wag-punt in die versamelring bly en mag nie weer terug gaan stalle toe nie.
- Alle toerusting van perd en ruiter/koetsier/hanteerder moet eers deur die versamelring-beampte nagegaan word VOOR die perd die skou arena mag betree.

Kom ons werk saam deur betyds op te daag, asook betyds met die versamelring-beampte (Judith McLeod) te kommunikeer indien daar 'n probleem of moontlike oponthoud sou wees. Ons versamelring beampte is baie bekwaam, so raadpleeg haar gerus BETYDS indien julle onseker is oor die gebruik van die regte toerusting en/of prosedures.

**MOENIE OP DIE LAASTE NIPPERTJIE PROBEER OM VERBY DIE VERSAMELRING-BEAMPTE TE GLIP NIE!**

## 3. BEHEER VAN VERKEER BINNE EN BUITE DIE DOME & ARENAS

**i) IN DIE VERSAMELRING**

Die versamelring is in twee dele verdeel, nl. die ingaande en uitkomende perde. Moet asseblief nie te ver van die ingang staan indien u in die volgende klas is wat moet ingaan nie. Die versamelring-beampte moet u te alle tye kan sien nadat sy u afgemerk het as teenwoordig.

**ii) IN DIE DOME**

Vir die van u wat verlede jaar laas in die Dome was, wag daar 'n hele paar verrassings. Agter die paviljoene waar 'n mens eers verby kon loop, is alles nou met soliede mure toegebou. Die gevolg is dat AL die verkeer nou voor die paviljoene verby beweeg. Dit kan veral problematies raak as daar 'n onnodige verkeer ook is. Ons vra ook mooi dat almal sal help om toesig oor die volgende paar dinge te hou sodat ons nie onnodig perde het wat skrik in die arena nie:

- Hou kinders se fietse uit die Dome – die gangetjies is eenvoudig nie breed genoeg daarvoor nie;
- Hou kinders weg van die relings langs die arena;
- Niemand mag op die muurtjie langs die arena met hulle voete na binne sit nie;
- Niemand mag om die arena in die Dome rond hardloop of spring op die trappe van die paviljoene nie.



**iii) TUSSEN DIE STALLE**

Dit het onder ons aandag gekom dat daar dikwels saans na donker nog kinders is wat tussen die stalle speel. Ons vra mooi dat almal na donker weg sal bly van die stalle aangesien dit net nie altyd veilig vir jong kinders is om alleen daar rond te dwaal nie. Die perde moet ook rus.

**iv) IN DIE PAD VANAF DIE OPWARMINGSARENA NA DIE VERSAMELRING**

Vind asseblief vir die kinders 'n veilige speelplek waar nie te veel perde-verkeer is nie. Die pad tussen die opwarmingsarea en die versamelring is nie geskik daarvoor nie en kinders, voetgangers en perde mag dalk seerkry.

**HONDE MOET TE ALLE TYE OP 'n LEIBAND GEHOU WORD**

## 4. TERREIN REGULSIES

**i) PUBLIEKE AANSPREEKLIKHEID :**

Die Afri-Dome is verseker t.o.v. publieke aanspreeklikheid -eise MITS alle veiligheidstoerusting in plek was. Enige iemand wat op enige plek op die terrein seerkry, sal egter nie gedek wees as hulle nie minstens 'n harde hoed en skone met 'n haak gedra het nie.

**ii) WERKLOOSHEIDSVERSEKERING:**

Dit is elke werkgewer se eie verantwoordelikheid om te sorg dat sy/haar werkers wel gedek is indien hulle beseer sou word. Geen eis kan in die verband aan die Dome gestel word nie.

**iii) WET OP BRANDGEVAAR / DBV / HORSE CARE UNIT /DOME REGULASIES:**

GEEN STAL MET 'n PERD IN mag voor, tydens of na die skou gesluit word nie. Dit is teen die Wet op Brandgevaar, DBV sowel as in Die Dome se Regulasies.

**iv) EINAAR AANSPREEKLIKHEID**

Met die inskrywing van elke perd in die skou, neem word die EIENAAR van diesulke perd outomaties verantwoordelikheid van alles wat rondom die perd gebeur t.o.v. die gebruik van toerusting deur staljongens, afrigters, ruiters, ens. asook almal wat met die hantering van die perd geassosieer word.

## 5. APPèL PROSEDURES

Die Raad het die afgelope jare dikwels klagtes oor skou-klasse na afloop van die skou ontvang. Indien u klagtes het oor wat binne 'n skou-klas gebeur het en u nie sou saam stem met die uiteindelike resultaat nie, kan u daaroor appelleer. Die prosedures is soos volg:



- Appèl word skriftelik op 'n amptelike appèlvorm aangeteken binne 2ure na die insident wat daartoe gelei het. Die vorm is verkrygbaar by die skou-kantoor. 'n Fooi van R200.00 is met indiening daarvan betaalbaar.
- Die beslissing van die komitee is finaal.
- Daar kan slegs op grond van tegniese punte geappelleer word.

Indien u na die skou op grond van die tegniese punte 'n verdere klag wil lê, sal die Raad geen verdere korrespondensie daaromtrent aanvaar as u nie reeds tydens die skou en volgens die korrekte prosedure, geappelleer is nie.

## 6. DRESSEER-KLASSE & BANE



Daar is nuwe dresseer-bane gebou en nuwe grond ingery aan die bo-kant van die "shoot". GEEN PERSONE mag op die dresseer-bane oefen voor die amptelike skou nie. Die grond word spesiaal so ingery om nie te kompakteer nie. Enige iemand wat reeds vroeër in Parys gaan kamp met hulle perde, is welkom om in die gewone gras opwarmingsarena direk langs die Dome te oefen, maar die dresseer-bane is nie vir oefen doeleindes bedoel nie.

Almal wat inskryf vir die Dresseerklasse moet asseblief inskryf op die vlak waar hulle gedurende die jaar deelgeneem het. Onder geen omstandighede mag 'n ruiter en perd kombinasie wat al moeiliker toetse gery het, nou op 'n laer vlak deelneem nie. Ons vertrou op julle integriteit met hierdie inskrywings.

Almal wat gereeld dresseer, weet dat dit belangrik is om betyds aan te meld by die beamptes. Indien jy dalk mag laat wees oor 'n ander botsing, is dit belangrik om dit BETYDS en vooraf aan hulle te rapporteer sodat jy vooraf met iemand in 'n ander tydgleuf kan uitruil. Die reël is gewoonlik dat die dresseertye voorkeur bo die ander klasse geniet. Ons sal probeer om dit so te beplan dat daar nie botsings plaasvind nie.

Die dra van 'n dresseernommer op jou toom is verpligtend. Die nommer kom ooreen met die nommer van die volgorde waarin jy ry en dit kom vanselfsprekend aan die linkerkant van die perd se kop. Indien jy direk daarna 'n skou-klas ry, mag jy ook jou skou-nommer op jou rug hê. Verder is die standaard reëls van DSA (*Dressage South Africa*) van toepassing.

Vir die toeskouers by die Dresseer-bane vra ons ook om asb. stil en rustig te wees. Niemand word direk langs die bane waar toetse gery word toegelaat nie. Dit is standaard dresseer praktyk.

## 7. SKOU-SPRING



ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE mag een perd meer as TWEE springklasse ry nie. Neem asseblief in ag dat jou perd dalk ook die middag aan ander klasse mag deelneem, asook dat die *Working Hunter* klasse net voor die spring-skou plaasvind. Verdere skou-klasse vind ook die middag plaas. Teen Vrydag is dit dan ook al die perde se 5de dag van skou en hulle is al moeg, so met die reëling dra ons slegs die perde se beste belange op die hart.



Dit is nie verpligtend om in volle skou-drag te ry nie. 'n Harde hoed en skoen met 'n haak is altyd 'n vereiste, sowel as 'n hemp met moue en 'n kraag (netjiese golf-hemp). Wit broeke, blinkers en gekleurde numnahs en tooms is dan ook toelaatbaar.

## 8. JEUG-AKSIE

Teen hierdie tyd het julle seker al almal gesien dat daar nie 'n "*Strictly come Showing*" klas op die klaslys vir die Nasionale Kampioenskappe verskyn nie. Die rede daarvoor is dat daar werklik toe nie tyd op die program ingeruim kon word nie. Dit was darem nie alles verniet nie, want ek is seker daarvan dat baie van julle in die proses iets nuut geleer het! Ons het ook toe maar 'n ander plan gemaak om julle 'n bietjie saam te laat werk sodat julle mekaar dan ook beter kan leer ken. In die proses gaan ons julle ook dophou om te sien wie gekies kan word vir die nuwe Jeugraad.

Die plan werk so:

- Al die ruiters wat ingeskryf is vir enige klasse tot en met 0/19 jaar, kom Maandagaand na die laaste skou-klas bymekaar.
- Ons gaan julle daar in groepe verdeel wat almal dieselfde lyk. Dit beteken die groepe gaan saamgestel word uit gemengde provinsies, asook gemengde ouderdomme.
- Die groepe gaan sekere aktiwiteite kry om deur die loop van die skou te doen. Ons wil graag sien wie lekker met hulle maats kan saamwerk om hulle te motiveer en planne te maak. Spangees is belangrik. Op hierdie manier kan ons dan ook sien wie ons graag op die nuwe Jeugraad wil kies.
- Elke ruiter van 'n span kan sy 3 beste klasse op een perd nomineer vir punte. Dit gaan bymekaar getel word om te sien watter span die meeste punte bymekaar kon maak. Hierdie punte tel 60% van die totale punte. Julle moet Maandagaand elkeen so 'n vormpie invul. Die kleintjies se ouers mag hulle daarmee help.
- Die ander take wat ons aan julle gee, tel 40% en sal bepaal wie die wenspan is. Ons sal dit op die skou met julle bespreek. Dit take is nie op die perde nie, so julle sal onder mekaar kan reël wanneer julle groepies bymekaar kan kom. Julle het Dinsdag tot Vrydag tyd.

Daar gaan 3 mense aangestel word om julle spanne se geheime aktiwiteite te beoordeel. Die spanwenners word Vrydagaand tydens die Vertoners-onthaal bekend gemaak. Indien ons tot 'n eenparige vergeluk kan kom, sal die Die Jeugraad 2014/15 sal ook dan aangewys word indien almal tot 'n vergelyk kan kom.

## 9. VERTONERS-ONTHAAL

Die vertoners-onthaal vind vanjaar weer in die arena van die Dome plaas op Vrydagaand, 26 September om 19:00. Saam met die onthaal, vind die ster-hings veiling, asook die kalender veiling plaas. Kom ons gebruik die geleentheid om lekker saam te kuier voor ons almal weer uitmekaar gaan na die kampioenskappe.



Alles word deur die kafeteria gereël. Kaartjies kan VOOR/OP WOENSDAG 24 September 2014 by die kafeteria (Karin of Annatjie) gekoop word teen R100.00 per persoon. Moet asseblief te laat wag nie - hulle moet getalle finaliseer om die kos te kan maak.

**INSKRYWINGS VIR DIE STêR-HINGS VEILING IS *NOU* OOP!!!**

Kry asb. 'n vorm by die kantoor of op die web-blad en stuur dit so spoedig moontlik VOOR die skou begin, aan Elize.

## 10. TROFEE

MOENIE VERGEET OM JULLE WISSELTROFEES SAAM TE BRING EN BY DIE KANTOOR IN THE HANDIG NIE!!!

**VEILIG RY!**